HOËRSKOOL OUTENIQUA



GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS
DEEL II
SKEDULE A
GEDRAGSREËLS

---

1. ALGEMENE REËLS

1.1 Die leerders sal hulle te alle tye gedra as goeie ambassadeurs van die skool.
1.2 Dit word van leerders verwag om hulle te vergewis van die kode van regte en verpligtinge as deel van hierdie Gedragskode en om hulle te weerhou van optrede wat inbreuk maak op die regte daarin vervat.
1.3 Leerders moet te alle tye in hulle omgang met die skoolhoof, adjunk-skoolhoof, opvoeders en ander personeel van die skool die nodige hoflikheid en respek betoon en moet hulle weerhou van optrede wat neerkom op opstandigheid.
1.4 Leerders is verplig om die skoolhoof en personeel te ondersteun in die daarstelling en handhawing van goeie orde, asook die skep van 'n omgewing en toestande waarin die leer- en opvoedingsproses ongehinderd toegepas kan word. In besonder word van leerders verwag om enige redelike opdrag van die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die VRL of klasleier te gehoorsaam en onmiddellik uit te voer ten einde die oogmerk hierin genoem te verwesenlik.
1.5 In hulle omgang met mekaar moet leerders sover moontlik selfbeheersing toepas en wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon. In die besonder moet leerders hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander leerder te skend.

2. KLASREËLS

2.1 Klasreëls moet deur die klasopvoeder in oorleg met die leerders in die klas geformuleer word.
2.6 Leerders moet aan die klasreëls, asook aan enige verbale opdragte wat die klasopvoeder gee, voldoen.

3. REËLS MET BETREKKING TOT VOORKOMS EN SKOOLDRAG

3.1 SEUNS

3.1.1 Hare, baard en snor

(a) Seuns se hare moet te alle tye kort en netjies voorkom.
(b) Seuns se hare moet van die oor en nek af egalig na die bokant van die kop weggeskeer wees. Die kuif en hare op die kop mag nie langer as 4 cm wees nie en die kuif moet 1 cm van die wenkbroue af wees as dit af gekam word.
(c) Hare om die ore moet skoon geknip wees. Die hare mag nie die ore of die hemp se kraag raak wanneer dit af gekam word nie.
(d) Die nek moet bokant die kraag skoon geskeer wees.
(e) Hare mag geen "wal" vorm nie - □n "step" is ontoelaatbaar, en geen "undercut" nie.
(f) Hare mag nie uitermate van die kop wegstaan nie. Geen vreemde haarstyle word toegelaat nie.
(g) Geen uitspattige haarkleur of kontrasterend met eie haarkleur sal toegelaat word nie.

(h) Seuns se wangbaarde mag tot in lyn met middel van die opening van die oor gedra word - dit moet kort geskeer en dieselfde breedte wees.
(i) Geen grimering mag by skoolklere gedra word nie.
(j) Geen snorre of baarde mag gedra word nie.
(k) Geen oorbelle of enige juwele mag by skoolklere, tydens skoolfunksies, skooltoere of uitstappies gedra word nie.

3.1.2 **Kleredrag**

(a) Somersdrag
Wit kortmouhemp met n skoolwapen op die sak, grys lang- of kortbroek, swart skoolskoene, grys kouse, swart oortrektrui of skooltrui
n Skoolbaadjie is nie verpligtend in die somer nie.

(b) Wintersdrag
Wit langmouhemp, das, grys langbroek, grys sokkies, skoolbaadjie met n skooltrui of oortrektrui.
n Kortbroek mag nie in die winter gedra word nie.

(c) Reënbaadjie
Mag slegs op reëndae in die winter of somer gedra word.

3.1.3 Geen leerder mag op sy lyf skryf nie

3.2 **DOGTERS**

3.2.1 **Grimering**

(a) Geen vorm van grimering mag deur leerders gebruik word nie.
(b) Lip gloss mag slegs n natuurlike kleur wees.

3.2.2 **Naels**

(a) Kort, netjiese naels (as daar van die palm se kant na die hand gekyk word, mag die nael nie oorsteek nie).
(b) Slegs kleurlose naellak mag gedra word.
(c) Geen Franse manikuur is toelaatbaar nie.

3.2.3 **Hare**

(a) Alle vorms van knippies, rekke en alice bands mag slegs swart, bruin of wit wees.
(b) Hare mag nie van die kop wegstaan as dit vasgemaak is nie.
(c) Geen blink of versierde haarknippies word toegelaat nie, n maksimum van 6 skuifknippies word toegelaat, maar dit moet funksioneel wees..
(d) Geen uitspattige haarkleur word toegelaat nie.
(e) Lang hare moet uitgekam en netjies vasgemaak wees
(f) Lang kuiwe en slierte mag nie in die gesig en voor of agter die oor hang nie.
(g) Dreadlocks/ word nie toegelaat nie.
(h) Geen banana clips word toegelaat nie.

3.2.4 **Juwele**

(a) Enigste toelaatbare juwele is oorbelle wat aan die volgende vereistes moet voldoen:
Slegs een per oor

Slegs klein smal silwer/goue ringe of klein ronde silwer/goue "studs"

(b) Geen armbande, ringe (dit sluit horlosieringe in), juwele om die nek, horlosies met "charms", neusringe of -studs en tongringe of -studs mag gedra word nie

3.2.5 **Kleredrag**

(a) Somersdrag
Wit kortmouhemp, skoolrok sonder belt (nie korter as 15 cm bokant die knie), kort wit sokkies, swart skoolskoene, swart oortrektrui of skooltrui
'n Skoolbaadjie is nie verpligtend in die somer nie.
Geen langbroek mag in die somer gedra word nie.

(b) Koue Somersdag
Geen langbroeke (dit word slegs vanaf 1 Mei gedra)
Trui/baadjie en das
Saam met die baadjie en das word swart kouse of lang grys sokkies gedra

(c) Wintersdrag
Wit langmouhemp, das, skoolrok sonder 'n belt (nie korter as 15 cm bokant die knie) of die voorgeskrewe grys langbroek, swart kouse of lang grys sokkies, skoolbaadjie met 'n skooltrui of oortrektrui

(d) Reënbaadjie
Mag slegs op reëndae in die winter of somer gedra word.

3.1.6 Geen leerder mag op sy lyf skryf nie

4. SPORT EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE

4.1 Deelnemers aan sport

4.1.1 Leerders wat gekies word om die skool te verteenwoordig as deelnemers in enige sportaktiwiteit of namens hulle interne spanne, moet in die sportdrag van die skool geklee wees.

4.1.2 Van alle leerders wat deelneem aan gemelde sport-aktiwiteite word lojaliteit teenoor die skool en mede-deelnemers verwag. In besonder word van deelnemers verwag om betyds en stiptelik aan te meld by die plek waar die aktiwiteit plaasvind of vanwaar die deelnemers na die betrokke plek van deelname vertrek. Afwesigheid van 'n aktiwiteit waarvoor 'n leerder gekies is om die skool te verteenwoordig sal slegs gekondoneer word, indien 'n skriftelike verskoning aan die sporthoof oorhandig word nie later nie as drie dae na plaasvind van die betrokke aktiwiteit.

4.1.3 Dit word van deelnemers aan gemelde sportaktiwiteite namens die skool verwag om te alle tye hoflik op te tree en om te voldoen aan die beslissings, voorskrifte en opdragte van

4.1.3.1 die sporthoof en die opvoeder betrokke by die spesifieke sport;

4.1.3.2 die skeidsregter of beoordelaar van die betrokke aktiwiteit;

4.1.3.3 die spankaptein.

4.1.4 Alhoewel dit aanvaar word dat leerders wat aan sportaktiwiteite deelneem dit met oorgawe en met volle inspanning doen, word van sodanige leerders verwag om selfbeheersing en dissipline toe te pas. In die besonder mag leerders nie op 'n onsportiewe wyse optree nie en mag hulle nie vuil of beledigende taal gebruik of betrokke raak in gevegte of insidente of hulle skuldig maak aan vuil- of onbehoorlike spel van enige aard nie.

4.2 **Toeskouers en ondersteuners van sport en ander buitemuurse aktiwiteite**

4.2.1 Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal benewens die verpligting om die bepalings van hierdie Gedragskode na te kom, hulle weerhou van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig opruiende of onbetaamlike gedrag. In die besonder mag leerders nie negatief reageer op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters nie.

4.2.2 Leerders wat enige skoolaktiwiteit bywoon sal hulle onderwerp aan en gehoorsaamheid openbaar teenoor enige opdragte en aanwysings aan hulle gegee voor, tydens en na afloop van die betrokke aktiwiteit deur die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die VRL of ouer deur die skoolhoof aangestel om te help met die vervoer, toesig of kontrole van leerders wat vervoer word na of van die betrokke aktiwiteit of dit bywoon.

4.2.3 Die reëls soos hierbo uiteengesit in 4.1 sal ook van toepassing wees op enige deelname aan enige buitemuurse aktiwiteit benewens sportaktiwiteite, behalwe waar dit ooglopend nie van toepassing is nie.

5. SKOOLEIENDOM

5.1 "**Skooleiendom**" sluit die volgende in:

5.1.1 die grond en geboue deur die skool beset en enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue;

5.1.2 alle ander eiendom, insluitende toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en dies meer, wat die skool as eiendom besit of as huurder besit of stoor, of ten opsigte waarvan die skool vir die beskadiging of verlies daarvan wetlik aanspreeklik gehou kan word.

5.2 Elke leerder is verplig om alles in sy/haar vermoë te doen om die skool se eiendom te bewaar, sodat dit gebruik kan word tot voordeel van alle huidige en toekomstige leerders van die skool.

5.3 Enige skooleiendom wat aan die sorg en kontrole van 'n leerder toevertrou word, moet aan die skool teruggelewer word op die bestemde tyd en in dieselfde toestand as waarin dit was toe dit aan die leerder toevertrou is, billike gebruik en slytasie uitgesluit. Leerders en hul ouers sal aanspreeklik wees teenoor die skool vir vergoeding vir enige verlies of skade aan sodanige eiendom.

5.4 Geen leerder mag doelbewus of nalatiglik enige skooleiendom skend, beskadig, vernietig of verloor nie.

5.5 Geen leerder mag enige skooleiendom van die perseel van die skool verwyder sonder die vooraf toestemming van die skoolhoof of 'n opvoeder van die skool nie.

5.6 Leerders mag nie enige eiendom van die personeel van die skool, medeleerders, besoekers aan die skool of lede van die publiek hanteer, beskadig, merk, skend of vernietig nie.

6. VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERDERS (VRL)

6.1 Die skoolhoof mag in oorleg met die VRL 'n gedragskode vir die VRL formuleer.

6.2 Sodra dit deur die beheerliggaam goedgekeur is, sal die gedragskode vir die VRL geag word deel van hierdie Gedragskode te wees en 'n afskrif daarvan moet aan elke lid van die VRL en dié se ouers voorsien word. 'n Afskrif moet ook permanent op die skool en/of VRL se kennisgewingbord aangebring word.

6.3 Elke leerder moet enige redelike voorskrif van 'n lid van die VRL gehoorsaam en moet die VRL ondersteun en samewerking verleen in die behoorlike uitvoering van

hul pligte.

6.4 Die skoolhoof, in oorleg met die personeel, VRL en beheerliggaam, moet n pligtestaat vir die VRL formuleer, n afskrif waarvan aan elke lid van die VRL, hul ouers en alle leerders voorsien en op die skool en/of VRL se kennisgewingbord aangebring moet word. Die lede van die VRL moet die voorskrifte van hierdie pligtestaat nakom.

6.5 Die gedragskode en pligtestaat vir die VRL en alle wysigings daarvan moet by die beheerliggaam ingedien word vir liassering tesame met hierdie Gedragskode.

7. SKOOLKENNISGEWINGS

Elke leerder is verplig om alle kennisgewings aan die ouers van die skool wat vir daardie doel deur die beheerliggaam, skoolhoof of n opvoeder van die skool aan hom/haar gegee is, aan sy/haar ouers te oorhandig, en om stiptelik enige ontvangserkenning wat die ouers moet voltooi, aan die klasopvoeder te voorsien.

8. SKOOLWERK EN HUISWERK

8.1 Elke leerder moet die huiswerk wat deur n opvoeder voorgeskryf is, doen en stiptelik op die spertyd daarvoor aan die betrokke opvoeder oorhandig. Versuim om aan hierdie reël te voldoen sal slegs gekondoneer word indien die leerder op die dag waarop die huiswerk voltooi moes gewees het, n skriftelike nota van sy/haar ouers met n aanvaarbare verduideliking vir die versuim, aan die opvoeder oorhandig.

8.2 Elke leerder moet sy/haar voorgeskrewe skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding doen om sodoende n deurlopende werksetiek te ontwikkel. Luiheid en n ooglopende versuim om aan hierdie reël te voldoen, sonder aanvaarbare verskoning, sal beskou word as n oortreding van hierdie reël.

9. TOETSE EN EKSAMENS

9.1 Alle leerders is verplig om hulle te onderwerp aan die toetse en eksamens wat deur die opvoeders in die loop van hul professionele pligte afgeneem word. Versuim om aan hierdie reël te voldoen sal slegs in uitsonderlike gevalle gekondoneer word, nadat die ouers van die betrokke leerling n volledige en aanvaarbare verduideliking op skrif aan die skoolhoof oorhandig het op die vroegs moontlike geleentheid.

9.3 Leerders moet hulle tydens die afneem van toetse of eksamens weerhou van afkykery of enige ander aktiwiteit wat die oogmerk genoem in 9.1 vir hulleself en ander leerders verongeluk.

9.4 Leerders mag nie op enige wyse met mekaar kommunikeer of enige steurnis veroorsaak tydens die afneem van toetse of eksamens nie.

9.5 Indien n leerder tydens n toets of n eksamen afwesig is, moet n doktersertifikaat die volgende dag aan die onderwyser gegee word.

10. SKOOLRAPPORTE:

Leerders moet handel met die skoolrapporte wat aan hulle voorsien word volgens die voorskrifte wat die skoolhoof of klasopvoeder aan hulle mag voorsien.

11. MOTORVOERTUIE EN MOTORFIETSE:

11.1 Geen leerder mag 'n motorvoertuig of motorfiets op die skoolterrein bring, tensy hy/sy oor 'n geldige rybewys vir 'n motor of 'n leerlinglisensie vir 'n motorfiets beskik nie.

11.2 Geen leerder mag 'n motor of motorfiets op die skoolterrein op so 'n wyse bestuur dat dit 'n risiko of moontlike nadeel vir ander leerders inhou. 'n Snelheidsgrens van 20 km/h geld op die skoolterrein.

12. STIPTELIKHEID:

Die skooldag is versigtig beplan om die maksimum beskikbare tyd aan onderrig te bestee. Laatkommery veroorsaak ongewenste ontwrigting van die onderrigproses sowel as ander skoolaktiwiteite. Gevolglik moet leerders altyd op die bestemde tyd opdaag aan die begin van die skooldag en by die aanvang van enige ander skoolaktiwiteit.

12.1 AANTREDE WANNEER DIE KLOK LUI

(a) Een klok lui aan die begin van die skooldag om 07:30.
Wanneer die klok lui, moet alle leerders dadelik by die aantreepunte versamel.
Dinsdae is dit in Graadgroepe en Vrydae tree almal voor die saal aan.

(b) Na die linies beweeg die leerders na hule registerklasse.

(c) Tydens reëndae gaan leerders dadelik na hul registerklasse.

12.2 AANTREDE BY DIE SAAL

(a) By die aantrede vir saalgeleenthede beweeg die leerders flink na die voorgeskrewe aantreepunte en staan in klasseksies.
Gr. 11 en 12 - voor die saal
Gr. 10 - by die Houtwerkklas
Gr. 9 - voor die Laboratoriumblok
Gr. 8 - tussen die Boonste Vierkant en die Laboratoriumblok

(b) Die leerders stap ordelik die saal binne en geen geselsery word in die saal toegelaat nie.

(c) Elkeen gedra hom/haar ordelik vir die saalgeleentheid.

(d) Leerders verdaag nadat die personeel die saal verlaat het.

13. AFWESIGHEID

13.1 Leerders mag slegs weens siekte of om 'n ander goeie rede van skool afwesig wees. 'n Leerder wat afwesig was, moet op die eerste dag wat hy weer die skool besoek, 'n brief van sy/haar ouers bring. Die brief moet gedurende die die registerperiode aan die betrokke klasopvoeder gegee word.

13.2 Gedurende skoolure word dringende verlof deur mev Botha, by die adminkantoor, op 'n spesiale vorm in die geval van ernstige siekte, dood of begrafnis, besoek aan spesialis, ens. verleen.

13.3 Geen leerder mag 'n ouer of iemand anders skakel om hom/haar gedurende skooltyd te kom haal alvorens die nodige toestemming vooraf van die kantoor verkry is nie. In bogenoemde geval moet die ouers persoonlik die leerder by die skool kom haal en uitteken.

13.4 Leerders wat afwesig is gedurende 'n toets of eksamen moet 'n mediese sertifikaat weens siekte inhandig, anders kry hy/sy nul vir die toets of eksamen.

13.5 Enige leerder wat sonder ☐n aanvaarbare verskoning van die skool afwesig is, word geag stokkies te draai, wat streng verbode is.

13.6 Indien leerders gedurende die skooldag vir afsprake moet gaan of deur die ouers gehaal word, moet hulle reeds aan die begin van die dag die versoek skriftelik by mev. Botha ingee. Sy sal dan aan hulle ☐n toestemmingsbrief gee om later die dag die skool te verlaat.

13.6 Leerders moet te alle tye op die skoolterrein of tydens uitstappies hul kwaggakaarte by hulle hê.

14. OMGEWING

14.1 Leerders mag nie die skoolgronde of -geboue bemors nie.

14.2 Leerders wat toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit is, moet die terrein deur hulle beset, netjies en skoon agterlaat, en moet seker maak dat alle rommel opgeruim en in vullishouers geplaas word.

14.3 Leerders moet toilette skoon agterlaat.

14.4 Enige optrede of versuim van leerders wat ☐n gesondheidsrisiko vir ander leerders veroorsaak of moontlik kan veroorsaak, moet vermy word.

14.5 Leerders mag nie enige afvoerpyp of toilet met papier of ander voorwerpe verstop of ☐n waterkraan ooplos nie.

14.6 Dit is verbode om slagspreuke (☐graffiti☐), plakkers, plakkate en dergelike meer op enige oppervlakte by die skool aan te bring, sonder die toestemming van die skoolhoof.

14.7 Leerders moet gehoor gee aan die redelike opdragte van die skoolhoof, enige opvoeder of lid van die VRL met betrekking tot die handhawing van ☐n skoon en higiëniese skoolomgewing.

15. AFKONDIGINGS

Wanneer afkondings oor die interkom gedoen word, moet alle leerders stil wees en in hulle banke sit en luister wat gesê word.
Alle afkondigings moet betyds by die kantoor ingehandig word.

16. BALSPELE

Geen balspele mag onderdak of naby geboue of die personeel se motors gespeel word nie.

17. BESERING EN SIEKTE GEDURENDE SKOOLURE

Indien 'n leerder gedurende skoolure beseer raak, of siek word, moet dit onmiddellik by die kantoor gerapporteer word. So 'n leerder mag slegs met die ouers se toestemming deur iemand anders as die ouers by die skool gehaal word.

18. EET GEDURENDE LESURE

Geen leerder mag gedurende lesure eet, kougom kou of iets drink nie. Die opvoeder mag alle kos, lekkers of peuselgoed konfiskeer.

19. ELEKTRIESE INSTALLASIES

Geen leerder mag aan skakelborde of elektriese installasies, ligskakelaars of interkomstelsels peuter nie.

20. BRANDSLANGE

Geen leerder mag met die brandslange of brandblussers in en om die skool peuter nie.

21. FIETSE

21.1 Leerders mag met die fietsbane tot by die fietshokke ry.
21.2 Fietse mag slegs in fietshokke geparkeer word en nie teen geboue nie.
21.3 Fietse wat op ander plekke gelaat word, mag geskut word met 'n afkoopboete van R10.
21.4 Fietse word op eie risiko deur die leerders by die skool gebruik en toegesluit. Ouers moet toesien dat leerders hul fietse met behoorlike slotte toesluit.
21.5 Die fietshokke sluit 10 min. nadat die skooldag begin het en sal weer oopgesluit word 10 min. voordat die skool sluit.
21.6 Fietsryers moet te alle tye die algemene padreëls gehoorsaam.

22. HANDBOEKE

22.1 Leerders moet alle handboeke wat aan hulle uitgereik word van 'n goeie oortreksel voorsien en oppas.
22.2 As hy/sy 'n boek verlore laat raak, moet hy/sy die vervangingskoste by die finansiële beampte inbetaal en die kwitansie vir die verantwoordelike onderwyser gee. n Ander handboek sal dan uitgereik word.
22.3 Die stafiekode van die boek en naam van leerder moet voor in die handboek aangebring word.
22.4 Indien n leerder die skool verlaat, sal die sekretaresse slegs n vertreksertifikaat uitreik indien al die handboeke wat aan hom/haar uitgereik is, teruggegee is.

23. KLASWISSELING

23.1 Teen die tyd dat die tweede klok lui moet leerders in die klas wees en werkboeke uit wees.
23.2 Tydens klaswisseling word die minimum lawaai veroorsaak en geen uitbundige lawaai sal geduld word nie.
23.3 Stap altyd links, veral by trappe waar kinders maklik kan seerkry.

24. KLEEDKAMERS

24.1 Kleedkamers moet netjies en skoon gehou word.
24.2 Daar mag nie in die kleedkamers gespeel word nie.
24.3 Slegs een leerder op 'n keer uit dieselfde klas mag die kleedkamers tydens klastye besoek. Geen leerder sal gedurende die adminperiode toegelaat word om na die kleedkamers te gaan nie.

25. KOUGOM

Geen kougom word op die skoolterrein toegelaat nie.

26. ADMINISTRATIEWE KANTOOR

26.1 Geen leerder mag die administratiewe kantoor as 'n deurgang gebruik nie.
26.2 Leerders beweeg slegs deur die administratiewe kantoor as hulle die sekretaresse wil gaan spreek.
26.3 Wanneer leerders in die administratiewe kantoor wag om bedien te word, mag hy/sy nie deur mede-leerders vergesel word vir geselskap nie.
26.4 Leerders moet ordelik optree in die administratiewe kantoor.

27. POUSE

27.1 Geen gevaarlike speletjies mag gespeel word nie.
27.2 Daar mag nie naby motors gespeel word nie.
27.3 Geen voorwerpe mag gegooi word nie. (Balle uitgesluit)
27.4 Niemand mag sonder die verlof van die hoof/graadhoof/adjunkhoof die terrein verlaat nie.
27.5 Geen fisiese kontak gedurende skoolure of in skooldrag sal toegelaat word nie.
27.8 Leerders mag geen besoekers gedurende die pouse ontvang nie.

28. RADIO'S, MP3-SPELERS, KAMERAS EN SELFONE

28.1 Lerders mag geen radio's, bandspelers, "walkmans", MP3-spelers, kameras of selfone ens. gedurende die skooldag in sy besit hê nie.
28.2 Indien □n leerder bogenoemde na skool moet gebruik, moet dit aan die begin van die dag by die adminkantoor, vir veilige bewaring, ingehandig word,

29. TASSE

Slegs die naam, graad en seksie van die leerder mag op tas aangebring word. Dit is elke leerder se eie verantwoordelikheid om sy/haar tas op te pas. Geen graffiti word op skooltasse toegelaat nie.

30. TENNISBANE EN MUURBALBANE

Leerders mag slegs met die voorgeskrewe skoene op die tennisbane of muurbalbane speel.

31. SONDAGSPORT

Geen geriewe van die skool is beskikbaar vir sport op Sondae nie.

32. **DIE VOLGENDE WORD NIE OP DIE SKOOLTERREIN TOEGELAAT NIE:**

32.1 Gedrag wat die veiligheid van ander leerders bedreig en hulle regte ernstig aantas.
32.2 Besit of gebruik van of dreig met 'n gevaarlike wapen.
32.3 Besit, gebruik, oorhandiging of sigbare tekens van dwelmmiddels of ongemagtigde middels, alkohol of bedwelmende stowwe van enige aard.
32.4 Bakleiery, aanranding of mishandeling.
32.5 Immorele gedrag of godslastering.
32.6 Valslik voorgee om iemand anders te wees.
32.7 Graffiti, haatspraak, seksisme en rassisme.
32.8 Diefstal of besit van gesteelde goedere.
32.9 Onwettige optrede, vandalisme, vernietiging of beskadiging van skooleiendom.
32.10 Oneerbiedigheid, afkeurenswaardige gedrag en beledigende taal teenoor personeel of mede-leerders.
32.11 Seksuele teistering.
32.12 Viktimisasie, afknouery en intimidasie van mede-leerders.
32.13 Oortreding van eksamenreëls.
32.14 Doelbewuste en opsetlike verskaffing van vals inligting of die vervalsing van dokumentasie om daardeur 'n onregverdige voordeel in die skool te verkry.
32.15 Ernstige bedreiging, ontwrigting of frustrasie van die leer- en onderrigproses in die klas.
32.16 Deelneem aan 'n sameswering om die behoorlike funksionering van die skool te ontwrig deur middel van kollektiewe optrede, soos byvoorbeeld dreunsang.
32.17 Belastering of aantasting van die waardigheid van 'n lid van die personeel of ander leerders.
32.18 Verspreiding van enige toets- of eksamenmateriaal wat 'n ander leerder in staat mag stel om 'n onregverdige voordeel in die toets of eksamen te verkry.
32.19 Enige vorm van openbare onwelvoeglikheid.
32.20 Besit of verspreiding van pornografiese materiaal.
32.21 Om onder die invloed van alkohol of dwelms op die skoolterrein te wees.
32.22 Versuim om te voldoen aan enige strafmaatreël wat weens 'n oortreding van hierdie Gedragskode opgelê is.
32.23 Omkopery van enige persoon of poging daartoe, met betrekking tot enige toets of eksamen, ten einde onbehoorlike voordeel te bewerkstellig vir enige persoon.

DEEL II
SKEDULE B
KATEGORIEË VAN OORTREDINGS EN STRAFMAATREËLS

---

1. INLEIDING

Vir die toepassing van hierdie Gedragskode word wangedrag in vier kategorieë , wat wissel vanaf minder ernstige tot ernstige wangedrag, ingedeel. Dit stem ooreen met die verskillende dissiplinêre stappe wat geneem kan word en die verskillende prosedures wat gevolg mag word in die hantering van wangedrag.

2. **KATEGORIE 1- GROEN KAART**

- Word deur die klasonderwyser / vakonderwyser / afrigter hanteer
- Die kategorie 1-tugvorm word volledig voltooi en word teen die einde van die dag in die dissipline-hokkie geplaas.
- Word op elektroniese stelsel ingevoer
- Dien as **Eerste waarskuwing**

GROEN KAART-OORTREDINGS

- Laat vir skool
- Laat vir klas
- Laat vir oefening
- Laat vir wedstryd
- Laat vir aktiwiteit
- Nie afwesigheidsbrief ingehandig nie
- Huiswerk onvoltooid of nie gedoen nie
- Gesels tydens onderrig
- Ontwrig groepwerk
- Taak nie betyds nie
- Eet, drink, kou in klas
- Onordelike gedrag op stoepe tydens perioderuiling
- Gesels tydens buite-opening
- Gesels tydens saalbyeenkoms
- Onbevredigende voorkoms
- Tasse wegsteek
- Onwettige balspele
- Kwetsende opmerkings
- Rommelstrooiing in klas of op terrein / sportterrein
- Krap op banke, tasse en mure
- Vergeet boeke tuis
- Luister nie na afrigter nie
- Ontwrig oefeninge
- Onsportiewe gedrag
- Betree verbode terrein
- Gedragsprobleme tydens funksies
- Bemorsing en beskadiging van kleedkamers

- Swak gedrag op pawiljoen / dreunsang / vuil liedjies
- Kap teen pawiljoen se sinkplate
- Dra nie baadjie op stoepe nie
- Gesels / ontwrigtend tydens afkondiginge

TUGSTAPPE: GROEN KAART

Moontlike strawwe:

- Kan gevra word om die klas sportveld / funksie / pawiljoen / aktiwiteit te verlaat.
- Taak nie betyds nie sien assesseringsbeleid
- Leerder moet voorkoms binne 1 dag regkry.
- Verwyder alle onwettige items en stoor vir res van jaar. Boete: R5 per item.
- Grimering / Baard / naels onmiddellik verwyder
- Moontlike strawwe:
- Ontneming van pouses
- Kan klas skoonmaak
- Kan terrein skoonmaak
- Neem by onwettige balspele die bal vir n kwartaal af. Boete: R5
- Een week om korrekte skooldrag aan te skaf
- Opvoedkundige gesprek
- Groen kaarte word nie oorgedra na volgende kwartaal nie.
- Dit bly egter deel van die leerder se gedragsprofiel.
- By ernstige en herhaaldelike oortredings word die leerder se gedragsprofiel bestudeer.

3. KATEGORIE 2 - GEEL KAART

- **Drie Groen kaarte = Geel kaart**
- Kategorie 2 tugvorm word volledig deur die administrateur/onderwyser voltooi
- Word in dissipline-hokkie geplaas
- Ouer moet skriftelik en per sms in kennis gestel word van die oortreding(s)
- Word op elektroniese stelsel ingevoer
- Word deurgegee aan Mentor en word op Mentorvlak hanteer.
- Dien as **Tweede waarskuwing**

GEEL KAART-OORTREDINGS

- 3 Groen kaarte
- Gereeld laat vir skool
- Gereeld laat vir klas
- Gereeld laat vir oefeninge
- Gereeld laat vir wedstryde
- Gereeld laat vir ander aktiwiteite
- Afwesigheidsbriewe herhaaldelik nie ingegee nie
- Huiswerk herhaaldelik nie gedoen nie

- Ontwrig klas herhaaldelik
- Ontwrig groepwerk herhaaldelik
- Take nie betyds nie
- Eet / drink / kou in klas na eerste waarskuwing
- Dra gereeld nie baadjie op stope nie
- Herhaalde onordelike gedrag tydens perioderuiling
- Voordurende kwetsende opmerkings
- Onwrig oefeninge gereeld
- Herhaalde onsportiewe gedrag
- Pouses buite afgebakende gebied
- Ernstige, herhaaldelike gedragsprobleme / enige terrein
- Vloektaal: klas, stoepe, terrein, sportterrein
- Toeskouer by bakleiery
- In teenwoordigheid van rokers
- Gedragsprobleme tydens funksies
- Fisiese kontak op skoolterrein
- Uitdaging van gesag
- Selfoon nie ingehandig nie
- Zero Tolerance-voorkoms
- Vertel leuens tydens ondervraging
- Reageer nie op billike straf vir groenkaartoortreding nie

TUGSTAPPE: GEEL KAART

- Mentor **moet** met ouer skakel vir gesprekvoering
- Gesprekvoering met leerder
- Berading (indien nodig)
- Konsekwensies vir verdere oortreding moet volledig uitgespel word

- **EEN VAN DIE VOLGENDE:**
- 1 x 3 uur Detensie
- 1 x 3 uur Verpligte terreindiens
- 1 x 3 uur Inperking van eksamenverlof
- 1 x 3 uur Restourasie van skoolbanke
- 1 x 3 uur Skoonmaak van klasse
- Ekstra huiswerk
- Sportdeelname kan opgeskort word

- **ZERO TOLERANCE VOORKOMS:**

Die volgende tugstappe moet uitgevoer word:

- Leerder se ouer word onmiddellik in kennis gestel en leerder moet onmiddellik gehaal word en sy/haar voorkoms reg stel alvorens hy/sy terug kan kom skool toe.
- Gesprek met ouer
- 1 x 3 uur detensie / terreindiens / skoonmaak van lokale / restourasie van banke / inperking van eksamenverlof

- Ontneming van sportdeelname
- Ekstra huiswerk

4. KATEGORIE 3-ROOI KAART

- **Twee Geel kaarte = Rooi kaart**
- Kategorie 3-tugvorm word volledig deur die administrateur/onderwyser voltooi
- Word in dissipline-hokkie geplaas
- Ouer moet skriftelik in kennis gestel word van die oortreding(s)
- Word op elektroniese stelsel ingevoer
- Word deur die graadhoof hanteer
- Ouers word skriftelik uitgenooi vir interne verhoor [leerder, ouer, betrokke onderwysers]
- Dien as **Finale waarskuwing**

ROOI KAART-OORTREDINGS

- 2 Geel kaarte
- Rook by die skool of in skoolklere / In besit van sigarette
- Afwesig van skool sonder toestemming
- Verlaat skoolterrein sonder toestemming
- Betrokke by bakleiery
- Ernstige wangedrag tydens wedstryde / funksies / aktiwiteite
- Ernstige wangedrag by skool
- Oneerlik in toets / eksamen / take
- Beskadiging van eiendom
- Enige vorm van bedrog
- Woon nie detensie by nie
- Voer nie straf 100% uit nie
- Voltooi nie individuele gedragsontwikkelingsplan nie
- Volgehoue ontwrigting van die onderrigleerproses na herhaaldelike strafmaatreëls
- Zero Tolerance-gedrag
- Viktimisasie / afknou / intimidasie van leerders
- Minagting van straf

TUGSTAPPE: ROOI KAART

- Die graadhoof **moet** ouers skriftelik inlig en hul nooi vir n interne tugverhoor.
- Die betrokke graadhoof, opvoeder(s) en leerder moet teenwoordig wees.
- Leerder kan vir berading verwys word.
- Individuele gedragsplan moet opgestel word
- Weeklikse Rooikaart word uitgereik en die voltooide kaart moet aan die einde van die week by die Portefeulje-Bestuurder ingehandig word

- **KWAGGAKAART** word weggeneem vir een volle kwartaal of tot gedragsplan suksesvol voltooi is

EEN VAN DIE VOLGENDE IS VERPLIGTEND:

- 3 x 3 uur detensie
- Verpligte terreindiens 3 x 3 uur
- Inperking van eksamenverlof [hele]

KWAGGAKAART BIED TOEGANG TOT

- Kleurebyeenkoms
- Alle Sportwedstryde
- Alle Kultuuraanbiedinge
- Alle Sokkies by die skool
- Alle geesgeleenthede [Events by die skool]
- Alle toergeleenthede
- Alle funksies by die skool bv. Matriekafskeid
- Alle onderrig- en leeraktiwiteite
- Die dra van kleuretoekennings

5. KATEGORIE 4-BLOU KAART

- **Twee rooi kaarte = Blou kaart**
- Kategorie 4-tugvorm word volledig deur die administrateur/onderwyser voltooi en word in dissipline-hokkie geplaas
- Word op elektroniese stelsel ingevoer
- Ouer moet skriftelik en per sms in kennis gestel word van die oortreding(s)
- Die saak word deur die Portefeulje-bestuurder hanteer en direk verwys na die trubinaal van die Beheerliggaam
- Ouer moet skriftelik volgens die wet ingelig t.o.v. n dissiplinêre verhoor

BLOU KAART-OORTREDINGS

- 2 Rooi kaarte
- Opsetlike saakbeskadiging / erge vandalisme
- Bendebedrywighede
- Diefstal
- Seksuele teistering
- Ontbloting
- Betasting
- Voorvalle van rassehaat
- Satanisme
- Enige kriminele oortreding
- Gebruik van alkohol / dwelms / vuurwapens / gevaarlike voorwerpe op skoolterrein of buite skoolterrein terwyl leerders skoolklere aan het.

- Handeldryf of in besit van dwelms, alkohol, vuurwapens of ander wapens op die skoolterrein of buite terrein terwyl leerder skoolklere aan het.
- Aanranding / Baklei op skoolterrein
- Ernstige en gereelde ontwrigting van skoolroetine
- Brandstigting
- In besit van pornografie
- Ernstige vorme van oneerlikheid
- Snuif van gom / petrol, ens.
- Bedreig die veilgheid van leerders
- Skuldig aan n kriminele oortreding - binne of buite die skool

TUGSTAPPE: BLOU KAART

EKSTERNE VERHOOR:

- Die **<u>eksterne tugverhoor</u>** sal deur die tugkomitee van die Beheerliggaam [Voorsitter, 3 ouers, Skoolhoof, Portefeulje-bestuurder, Mentor, en Klasonderwyser] waargeneem word. n Aanklaer (wat die voorondersoek waargeneem het) sal namens die skool optree en die aanklag op skrif indien.
- Die leerder en sy/haar ouers moet die verhoor bywoon.
- n REGSVERTEENWOORDIGER kan saamgebring word.
- Die uitslag sal skriftelik aan al die partye gegee word.

DIE VOLGENDE STRAWWE KAN DEUR DIE TUGKOMITEE OPGELÊ WORD:

- **KWAGGAKAART** word weggeneem vir EEN kwartaal of totdat gedragsplan / straf afgehandel is.
- Die tugkomitee het die reg om die volgende strawwe uit te deel, gebaseer op die ernstigheid van die oortreding, die intensie, asook die getuienis wat gelewer word:
- Skorsing vir n periode van maksimum 7 dae van die skool en/of
- Ontneming van kleuretoekennings / ampte en/of
- Ontneming van voorregte soos toere, spandeelname, bywoning van funksies, aktiwiteite, eksamenverlof, ens. En/of
- n Individuele gedragsontwikkelingsplan moet opgestel word
- Permanente uitsetting

PERMANENTE UITSETTING

- Word aanbeveel na Departement van Onderwys. So n aanbeveling sal slegs oorweeg word indien alle prosesse tot die korrigering van die leerder se gedrag uitgeput is. Die Dept. van Onderwys het die finale besluitneming in hierdie verband.
- Alle besluite van dieTugkomitee moet deur Beheerliggaam bekragtig word.